# Gr 7 Afrikaans Eerste Addisionele Taal Kwartaal Oorsig

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | **Konteks: Multi-media**<br>**Week: 1-4**<br><br>Lu 1 Luister As 2<br>Lu 2 Lees As 2,4<br>Lu 3 Lees en Kyk As 3,5,6<br>Lu 4 Skryf As 2,3,5<br>Lu 5 Dink en Redeneer As 2,3<br>Lu 6 Taalstrukture As 4,6 | **Konteks: Drama**<br>**Week: 5-9**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 2,3,4<br>Lu 3 As 1,6,9<br>Lu 4 As 4,6,7<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 2,4,5,6 | **Konteks: Gedigte**<br>**Week: 10-11**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 3,5<br>Lu 3 As 2,6,9<br>Lu 4 As 4,6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 7,8 |
| Kwartaal 2 | **Konteks: Tekste van ander Leerareas**<br>**Week: 1-4**<br><br>Lu 1 As 3<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 1,4,7,8,9<br>Lu 4 As 1,6<br>Lu 5 As 1,3<br>Lu 6 As 1,7,8,9 | **Konteks: : Stories/Novelle/Fabel**<br>**Week: 5-8**<br><br>Lu 1 As 1,2,4<br>Lu 2 As 1,3,5<br>Lu 3 As 1,6,7,8<br>Lu 4 As 4,6,7<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 1,3,7,9 | **Konteks: Multi-media**<br>**Week: 9-11**<br><br>Lu 1 As 2<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 3,5,6<br>Lu 4 As 2,3,5<br>Lu 5 As 2,3<br>Lu 6 As 4,6 |
| Kwartaal 3 | **Konteks: Tekste van ander Leerareas**<br>**Week: 1-5**<br><br>Lu 1 As 3<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 1,4,7,8,9<br>Lu 4 As 1,6<br>Lu 5 As 1,3<br>Lu 6 As 1,7,8,9 | **Konteks: Gedigte**<br>**Week: 6-7**<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 3,5<br>Lu 3 As 2,6,9<br>Lu 4 As 4,6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 7,8 | **Konteks: Multi-media**<br>**Week: 8-10**<br><br>Lu 1 As 2<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 3,5,6<br>Lu 4 As 2,3,5<br>Lu 5 As 2,3<br>Lu 6 As 4,6 |

<table>
<tr><td>Kwartaal 4</td><td>Konteks: Multi-media<br>Week: 1-4<br><br>Lu 1 As 2<br>Lu 2 As 2,4<br>Lu 3 As 3,5,6<br>Lu 4 As 2,3,5<br>Lu 5 As 2,3<br>Lu 6 As 4,6</td><td>Konteks: Gedigte<br>Week: 5-6<br><br>Lu 1 As 2,4<br>Lu 2 As 3,5<br>Lu 3 As 2,6,9<br>Lu 4 As 4,6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 7,8</td><td>Konteks: Stories/Novelle/Fabel<br>Week: 7-10<br><br>Lu 1 As 1,2,4<br>Lu 2 As 1,3,5<br>Lu 3 As 1,6,7,8<br>Lu 4 As 4,6,7<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 As 1,3,7,9</td></tr>
<tr><td colspan="4">Onthou: Formele take moet vooraf gegaan word deur ‘n informele taak.</td></tr>
</table>

# LESPLAN

(multimedia)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## **Konteks**: Stop die Boelies!

| **Tyd:** 4 weke | | | **Graad: 7** |
|---|---|---|---|
| Lu en Ass | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** ***(die volgende word voor gestel)*** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lees die koerantartikel, internetwebblad, strokies, tabelle, nota voor aan die leerders.<br><br><u>Lu 1 Luister</u><br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):<br><br>• beantwoord vrae wat toenemend moeilik word;<br><br>• identifiseer perspektief, soos in twee vertellinge oor dieselfde insidient;<br><br>• vertel oor en som op, met ondersteuning<br><br><u>Lu 2 Praat</u><br><br>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:<br><br>• gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid | <u>Nota aan onderwyser:</u> *(sien bl 20 van jou Prov Ass Guideline)*<br><br>**Formele Taak 7:**<br><br>Onderhoud/dialoog – formele telefoongesprek/rolspel/debat (gee vir hulle 'n bepaalde scenario – Stop die Boelies!) (10)<br><br>Voorbereide lees van 'n langer teks en 'n mondelinge response (10)<br><br>Skryf van 'n opsomming (20)<br><br>Sien rubriek/kontrolelys aangeheg<br><br>**<u>Onthou: Taak 8 Eksamen (100)</u>**<br><br>**Onthou vraestel 2 (skryfstukke)**<br><br>Berei jou leerders voor op die skryf van 'n dialoog (20)<br><br><u>Aktiwiteit 1</u> **(voorafgesprek**) | | <u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke teks wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog |

| | | | |
|---|---|---|---|
| funksies: gee uitdrukking aan menings en gevoelens, maak keuses, gee raad en maak voorstelle (soos: Ek dink jy moet …);<br>• neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos formele en informele telefoongesprekke).<br><br>As 4 Begin **sosiale** en etiese **kwessies debatteer**:<br>• ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);<br>• betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy?);<br>• onderbreek die bespreking op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);<br>• gee mening/standpunt en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);<br>• toon instemming (soos: Ek stem saam …) of nie (soos: Ja, maar …);<br>• **wissel tale af**, indien nodig.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 3 Lees en reageer op sosiale tekste (soos eenvoudige uitnodigings, briewe);<br>• identifiseer doel, teikengroep en konteks.<br><br>As 5 Ontleed advertensies en pamflette:<br>• identifiseer die teikengroep (Op wie is die | Vra die leerders om 'n definisie van 'n boelie te gee.<br><br>Laat hulle ook die verskil tussen boelie en terg verduidelik. Stuur die gesprek in 'n spontane klasgesprek en vra hoe word kinders deesdae geboelie. Leerders kan in enige taal praat, maar jy as onderwyser begin woorde en begrippe wat hulle gebruik solank op die bord te skryf soos bv. *Cyber boelie, mixit, victim ens. (enige woorde wat jy wil hê moet later in die skryftake gebruik moet word)*<br><br><u>Aktiwiteit 2</u> (breinkaart)<br><br>Teken 'n **breinkaart** op die bord met die volgende 5 arms/opskrifte.<br>1. Wie of wat is 'n boelie?<br>2. Wat doen hulle?<br>3. Hoekom doen hulle dit?<br>4. Watter effek het dit op die slagoffer?<br>5. Wat kan ek doen?<br><br>Gee die leerders 'n kans om hierdie breinkaart ook in hul skryfboek oor te teken. Laat die leerders in pare (maats) die onderwerp bespreek.<br><br>Na die klasbespreking, skryf 'n paar van die leerders se reaksies op die bord onder die sub-opskrifte neer. Gee hulle ook die kans om dit in hul boeke oor te skryf.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Laat die leerders nou 'n berig of 'n DVD of aanlyn-videosnit **kyk** oor boelies en boelieverwante gebeure.<br><br>*Besoek 'n rekenaarlokaal met internettoegang of 'n DVD-* | Klasgesprek<br><br>Onderwyser<br><br>Die hele klas<br><br>Gebruik flitskaarte<br><br>Breinkaart<br><br>Klasbespreking<br><br>Kyk na 'n video (dr. Phil/Oprah)<br><br>Koerantartikels | steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| advertensie gemik?);<br><br>• identifiseer die konteks (Waar word dié soort advertensies gesien?);<br><br>• identifiseer die boodskap;<br><br>• identifiseer emotiewe (affektiewe) taal;<br><br>• beskryf hoe die advertensie haar/hom laat voel en gee redes.<br><br>As 6 Gebruik leesstrategieë:<br><br>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: soeklees 'n telefoongids; stiplees instruksies; vluglees 'n koerant se opskrifte);<br><br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; vra iemand om woorde te vertaal;<br><br>• begin om leesspoed te verbeter en te evalueer.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 2 Skryf 'n sosiale doel:<br><br>• skryf eenvoudige persoonlike briewe (soos: aanvaar 'n uitnodiging, reageer op 'n advertensie) en toon bewustheid van die kenmerke van die tekssoort.<br><br>As 3 Skryf vir persoonlike besinning: | *lokaal. As sulke geriewe nie beskikbaar is nie, kan julle 'n relevante koerantberig bespreek. Hier is 'n paar ekstra bronne: www.teachers.tv/bullying/clips of www.beatbullying.org/home.html*<br><br>Daar is goeie videosnitte op www.youtube.com beskikbaar oor boelies. Tik "ABC" en "Bully" in die soekblok in om goeie snitte te sien wat op die Amerikaanse ABC-nuuskanaal verskyn het.<br><br>Laat die leerders navorsing doen by www.google.com en tik die soekwoorde *bullying news* of *teachers bullying* in.<br><br>Soek **koerantknipsels** oor voorvalle wat die nuus gehaal het. Vra die leerders om ook geskikte stof uit 'n koerant klas toe te bring. *(dit maak nie saak in watter taal die artikel is nie)*<br><br><u>Aktiwiteit 4</u> (leesstrategieë)<br><br>Noudat die voorafgesprek oor die onderwerp/teks afgehandel is, kan daar gefokus word op **leesstrategieë.**<br><br>Laat leerders toe om **hardop** te lees of oefen **paarlees** of **herhaalde** lees en die belangrikste van almal **kritiese** lees.<br><br>Neem een artikel *(kan selfs van 'n webblad afgetrek wees)* en terwyl jy as onderwyser die artikel hardop lees en die leerders volg, demonstreer jy as onderwyser die volgende denkvlakke.<br><br>**Onderbreek jou hardoplees en vra die volgende vrae**. "*Dit laat my dink aan ....." (maak of soek verbande) of "Ek wonder hoekom....?" (vra vrae) of "Ek sien in my geestesoog dat......" (visualisering) of "Dit sê nie hier nie, maar ek dink ......" (maak afleidings) of " Ek dink dat dit is wat volgende gaan gebeur .." (besin of evalueer of jy maak voorspellings) of "Ons het nou gelees dat .......".(opsomming)*<br><br>Oefen die verskillende leesstrategieë soos "*skimming", "scanning", begeleide groeplees, herhaalde lees, kritiese* | Lees en bespreek<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>Leesstrategieë | klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.<br><br>**Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • skryf dagboekinskrywings.<br><br>As 5 Ontwerp mediatekste:<br><br>• gebruik 'n raam om 'n eenvoudige advertensie te ontwerp;<br><br>• gebruik 'n raam om 'n eenvoudige brosjure te ontwerp.<br><br>Lu 5 Dink en Redeneer<br><br>As 2 Gebruik taal om te dink:<br><br>• stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Wat sal gebeur as …?);<br><br>• definieer en klassifiseer.<br><br>As 3 Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:<br><br>• kies relevante inligting en skryf aantekeninge (identifiseer kernwoorde en -sinne, stel 'n lys belangrike punte saam);<br><br>• doen eenvoudige navorsing en skryf 'n verslag wat instrumente soos grafieke, tabelle, diagramme en statistiek insluit;<br><br>• dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik inligting uit 'n visuele of geskrewe teks om 'n grafiek of tabel te skep of byskrifte by 'n diagram te skryf). | *lees asook paarlees,* en doen dit prakties in die klas.<br><br>Aktiwiteit 5 formele taak – voorbereide lees (10 punte)<br><br>Toets nou jou leerders se voorbereide lees en vra vrae oor die stuk wat hul gelees het deur gebruik te maak van die verskillende denkvlakke in aktiwiteit 4.<br><br>Let op vir die volgende:<br><br>✓ Verstaan die leerder dit wat hy lees?<br><br>✓ Kan die leerder die nodige afleidings uit die teks maak of kan die leerder meer afleidings uit die teks maak aangesien hy/sy die teks verstaan?<br><br>✓ Vra die leerder hulp of gebruik hy/sy 'n woordeboek as hy/sy nie 'n woord verstaan nie?<br><br>✓ Kan die leerder voorspellings maak?<br><br>Aktiwiteit 6 **Formele taak** (Onderhoud/dialoog – formele telefoongesprek/rolspel/debat) 10 punte<br><br>Laat die leerders die volgende aanraak in hul onderhoud/dialoog – telefoongesprek/rolspel:<br><br>Vra die volgende vrae en gebruik jou kennis van wat 'n boelie is in jul formele taak:<br><br>1. *Wat weet julle van die boelies in jul skool?*<br><br>2. *Hoe kan ek myself beskerm teen boelies?*<br><br>3. *Wat het ek geleer omtrent boelies?*<br><br>4. *Enige persoonlike ervarings? Is ek al geboelie of het ek iemand anders al geboelie?* | Voorbereide lees<br><br>Rubriek<br><br>Self<br><br><br><br>Onderhoud/dialoog<br><br>Waarnemingsvel/ kontrole lys | gehoorbelemmerings kan help<br><br>**Swak gehoor**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk.<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook |

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 4 Brei woordeskat uit:<br><br>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: gelede, verlede; deur, dier, duur; optel, oplaai);<br><br>• gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;<br><br>• brei die gebruik van afleiding uit (soos: skrywer, verjaar);<br><br>• gebruik eenvoudige, alledaagse samestellings (soos: skooldas, koshuis);<br><br>• gebruik woordfamilies (soos: geluk, ongeluk, gelukkig, ongelukkig);<br><br>• gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek. | *5. Kan volwassenes ook boelies wees?*<br><br>Rolspel die volgende: Skakel die skoolhoof of 'n onderwyser wat jy vertrou op jou landlyn en vertel hom/haar van jou vriend wat gereeld geboelie word by die skool.<br><br>As 'n informele taak ter voorbereiding vir die eksamen laat die leerders die telefoongesprek in dialoog vorm uitskryf.<br><br><u>Aktiwiteit 7</u> **(opsomming)** 20 punte<br><br>Hoe goed het die leerders geluister. Toets nou of hulle die onderskeie tekste verstaan het.<br><br>Vra die leerders om 'n opsomming te skryf van 10 sinne waaraan hulle raad gee hoe om teenoor boelies op te tree.<br><br>Noem die opskrif van die opsomming: **Staan jou man!**<br><br>(*Wenk: Begin elke sin van jou opsomming met 'n werkwoord bv. Vermy plekke............ Gebruik jou ....... Kry 'n ..........)*<br><br><u>Aktiwiteit 8</u><br><br><u>Vul die ontbrekende woord in</u><br><br>Voorsien die leerders van 8 sinne, maar los elke keer 'n belangrike woord uit. Gee vir die leerders 10 belangrike woorde wat in die tekste voorkom. Laat hulle saam met hul maat die korrekte woord in die sin invul.<br><br>Intimideer, skinder, baklei, saamlag, selfvertroue, slagoffers, ongewenste e-posse, blokkeer, verkeerde vriende, spyt | Maak van 'n opsomming<br><br>Twee taalaktiwiteite binne konteks | help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**<u>Disleksie:</u>** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | <u>Aktiwiteit 9</u><br><br>Laat leerders in 'n woordeboek naslaan al die **sinonieme** wat hulle kan kry vir die woord boelie. Daar is 'n magdom sinonieme: *afknou, baasspeel, karnuffel, mishandel, terg en teister*<br><br>Laat leerders nou **antoniem**e opsoek vir bogenoemde skuinsgedrukte woorde. | | |

# LESPLAN

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal** **Konteks**: Gedigte

| **Tyd:** 2 weke | | | **Graad: 7** |
|---|---|---|---|
| Lu en Ass | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| **<u>Lu 1 Luister As 2,4</u>**<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):<br><br>• beantwoord vrae wat toenemend moeilik word;<br><br>• identifiseer perspektief, soos in twee vertellinge oor dieselfde insidient;<br><br>• vertel oor en som op, met ondersteuning.<br><br>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:<br><br>• reageer op idees en toon respek vir ander se standpunte;<br><br>• vra vir bydraes van ander en reageer daarop;<br><br>• druk verskille op 'n hoflike wyse uit en onderbreek nie ander nie.<br><br>**<u>Lu 2 Praat As 3,5</u>** | **Nota aan onderwyser**: *(Sien jou Prov Ass Guideline bl. 20)*<br><br>Kyk na jou Taak 7 en Taak 8 (eksamen) op bl. 20<br><br>Besluit watter aktiwiteite gaan jy gebruik om jou leerders voor te berei vir die eksamen.<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Vir hierdie les benodig jy die volgende afskrifte:<br><br>➢ D.J. Opperman se gedig Klara Majola<br><br>➢ Racheltjie de Beer die heldin (eniklopedie of biblioteek of internet)<br><br>➢ Afskrif van Dana Snyman se artikel wat in die tydskrif *Weg* verskyn het Junie 2009 *"Op die koue spoor van klein Klara Majola" bl. 98 – bl. 103*<br><br>Gaan soek op die webwerf <u>wegint@media24.com</u> en gaan loer rond by argief of skakel hulle by 021 405 1020<br><br>➢ GPS (globale posisioneringstelsel)<br><br><u>Aktiwiteit 2</u> | Maats bv. In pare | <u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke teks wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel |

As 3  Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.

As 5  Toon 'n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:

- gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie.

## Lu 3 Lees en Kyk  As 2,6,9

As 2  Toon, op 'n eenvoudige vlak, begrip van sekere elemente van poësie (soos rym, vergelyking, alliterasie, personifikasie);

- verstaan begrippe wat gebruik word om sommige van hierdie elemente te beskryf (soos personifikasie).

As 6 Gebruik leesstrategieë:

- pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos:  soeklees 'n reinrooster;  stiplees instruksies;  vluglees 'n koerantberig vir kernidees);
- verbeter en evalueer leesspoed;
- gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos:  lees omringende teks;  kyk na illustrasies/diagramme;  bespreek die woordbetekenis in die huistaal).

As 9  Demonstreer 'n leeswoordeskat van 4 000 tot 5 500 alledaagse woorde.  Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 5 500 woorde te mik.

## Lu 4 Skryf   As 4,6

Waar moet die leerder begin om 'n gedig te verstaan?

- Laat die leerders vir mekaar die gedig saggies voorlees *(oefen paarlees)*
- Laat die leerders begin by die titel.  Laat hulle raai wat dit beteken.  Laat hulle 'n woordeboek gebruik.
- Laat hulle moeilke woorde wat hulle gaan naslaan,  in 'n woordeboek,  met 'n glimpen merk.  Laat die leerders te alle tye in die eerste addisionele klas 'n woordelys in 3 kolomme saamstel.
- Vergelyk jou antwoorde met jou maats s'n

Daar is geen verkeerde antwoorde nie.  Laat die leerders net spontaan deelneem en die liefde vir poësie ontdek.

Ons as onderwysers moet waak daarteen om alles vir die leerders te doen.  Laat die leerder die betekenis van die woorde self soek.

Die volgende sal jy self as onderwyser aan hulle moet verduidelik: "Bokkeveld" *(streek in die Wes-Kaap)*  en "koue geweld" – *die koue se krag/uitwerking van die koue*

Laat hulle 'n woordelys saamstel in 3 kolomme

| Woord in gedig | Engelse betekenis | Klas se verduideliking |
|---|---|---|
| wingerdstok | *grapevine* | Wynstok, druiwetak, bruin van kleur en krom |
| skemer | *dusk* | Halfdonker,  as die son begin sak |

paarlees

Klasbespreking

Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.

Wees gedurig in kontak met die ouers

<u>Klaskameratmosfeer</u>

Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word

**<u>Hiperaktiewe kind:</u>**  Sorg dat die aktiwiteite korter is.  Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees.  Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.

Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.

**Sigbelemmerings:**
**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind.  Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele

<table>
<tr>
<td>
As 4  Skryf skeppend:
<ul>
<li>toon ontwikkelende vermoë om stories, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur dialoog by 'n storie in te sluit).</li>
</ul>
As 6  Benader skryf as 'n proses:
<ul>
<li>beplan 'n skryfstuk volgens die doel, teikengroep en konteks;</li>
<li>skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities;</li>
<li>gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;</li>
<li>gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;</li>
<li>skenk aandag aan ontwerp en uitleg.</li>
</ul>
<u>Lu 5 Dink en Redeneer As 2</u><br>
As 2  Gebruik taal om te dink:
<ul>
<li>stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos:  Wat sal gebeur as …?);</li>
</ul>
<u>Lu 6 Taalstrukture As 7,8</u><br>
As 7  Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:<br><br>
alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;<br><br>
alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;
</td>
<td>
<table>
<tr><td>kromgetrek</td><td>Curled up</td><td>Arms en bene onder jou ingetrek</td></tr>
<tr><td>Hout vergader</td><td>Gather wood</td><td>Hout bymekaarmaak</td></tr>
<tr><td>Bros kapok</td><td>Brittle snow</td><td>Fyn snow,  breek maklik</td></tr>
</table>
Laat die leerders bogenoemde woorde teken/grafies voorstel.<br><br>
<u>Aktiwiteit 3</u><br><br>
Laat die leerders saam met ‘n maat die gewone inhoudsvrae oor die gedig beantwoord.  Vergelyk jou antwoorde met jou maats s’n<br><br>
<u>Aktiwiteit 4</u><br><br>
Lees vir die leerders die verhaal van Racheltjie de Beer voor.<br><br>
Laat die leerders die ooreenkomste tussen Klara Majola en Racheltjie de Beer soek.  Hulle moet dit in ‘n tabelvorm voorstel.<br><br>
Bespreek die volgende in die klas:
<ul>
<li>Moes Racheltjie nie eerder haar boetie se klere aangetrek het en self bly leef het nie?</li>
<li>Is meisies, soos Racheltjiede Beer en Klara Majola, dapperder as seuns?</li>
</ul>
<u>Aktiwiteit 5 (voorbereiding vir jou formele taak - dialoog)</u><br><br>
Gaan voer ‘n onderhoud met Racheltjiede Beer of Klara Majola se ouers en skryf dit in dialoogvorm en kom voer dit op voor die klas.
</td>
<td>
Vraag en antwoord<br><br>
Huiswerk/klaswerk<br><br>
Onderwyser<br><br>
Tabelvorm<br><br>
Klasbespreking<br><br>
Onderhoudvoering<br><br>
Dialoog<br><br>
Kontrole lys/rubriek
</td>
<td>
aanbiedings.<br><br>
Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees.  Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word,  moet groot letters in vetdruk gebruik word.<br><br>
Gehoorbelemmerings<br><br>
Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>
Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>
Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help<br><br>
<u>Swak gehoor</u><br><br>
Saam lees in spreekore of
</td>
</tr>
</table>

| | | | |
|---|---|---|---|
| algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);<br><br>voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: myne, hare, ons s'n), betreklik (soos: wat, met wie), vraend (soos: watter, hoekom) en onbepaald (soos: iemand, almal, 'n mens … jy/jou);<br><br>determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: veertien, laaste);<br><br>soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin.<br><br>enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;<br><br>alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);<br><br>die ontkennende vorm (soos: Ek hou nie van brood nie; Niemand sal dit doen nie);<br><br>die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde;<br><br>hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;<br><br>die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm in eenvoudige sinne;<br><br>leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens).<br><br>As 8 Demonstreer begrip van 4 000 tot 6 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 7. Indien leerders die addisionele | Onthou 'n onderhoud is 'n formele gesprek tussen 2 mense. Die een persoon wil meer uitvind omtrent die ander persoon se lewe.<br><br>× Laat jou leerders eers navorsing oor die onderwerp en omgewing waar die tragedie plaasgevind het, doen.<br><br>(G*ebruik die tydskrif "**Weg"** se artikel wat Dana Snyman geskryf het as voorbeeld of as navorsingstuk*)<br><br>× Gebare en liggaamstaal speel 'n belangrike rol. Lyk asof jy wel simpatie toon terwyl jy die vrae vra.<br><br>× Vermy vrae met ja-en nee-antwoorde<br><br>× Onthou jy wat die vrae vra moenie die gesprek oorneem nie.<br><br><u>Aktiwiteit 6 (mondelinge aanbieding)</u><br><br>Hoeveel van jou leerders weet waar die Koue Bokkeveld is? Laat die leerders hul ouers se GPS (of bring jou eie) skool toe bring en dit instel na die volgende streke.<br><br>Verdeel eers die klas in groepe van drie elk. Gee elke groep 'n ander Suid-Afrikaanse bestemming.<br><br>Die groepe moet verduidelik in volledige sinne hoe om daar te kom. Kilometer lesings asook padroetes moet gegee word asook hoe lank dit jou gaan neem om daar te kom. Padkaarte van die AA kan ook gebruik word. Of maak gebruik van www.mapquest.com of Google Earth kan ook gebruik word.<br><br>Elke groep moet verduidelik wat is daar om te sien en wat is daar om te deon. *(hou jou beskrywing kort)* | | lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk.<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. Braille |

| | | | |
|---|---|---|---|
| taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer woorde te mik. | **Voorbeeld**<br><br>**Rhodes**<br><br>Om daar te kom: Ry met die N6 tot by Aliwal-Noord en neem daar die R58 na Lady Grey en Barkly-Oos. Op Barkly draai die R396 na Moshesh's Ford en Rhodes af. Rhodes is 60 km se grondpad van Barkly-Oos af (ongeveer 8 ure se ry van Johannesburg en 9 ure van Kaapstad af). Van die N2 af neem mens die R396 na Maclear en volg met 'n grondpad die bordjies na Rhodes. Rhodes is ongeveer sewe ure vanaf Durban.<br><br>Te sien: Kunstenaars, Basoetoekultuursentrum<br><br>Te doen: forelvang, perdry, stap, ski in die sneeu<br><br>Groep 1 Waar is die Weskus en hoe kom ek by Lambertsbaai uit?<br><br>Groep 2 Waar is die Bosveld?<br><br>Groep 3 Waar is die Tankwa-Karoo?<br><br>Groep 4 Waar is die Bontebok Nasionale Park?<br><br>Groep 5 Waar is Pella: die oase van die Boesmanland?<br><br>Groep 6 Waar is die Richtersveld?<br><br>Groep 7 Waar is die Groot Marico?<br><br>Groep 8 Waar is die Maluti-Oorgrenspark?<br><br>*Dit sal natuurlik baie help indien jy die afgelope drie jaar* ***"Going nowhere slowly" op SABC 3*** *gekyk het.* | | Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word. |

# LESPLAN

(Sprokie/Volksverhaal/Fabel/Kortverhaal/Novelle)

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal** **Konteks**: Volksverhaal/Sprokie/Fabel/Kortverhaal/Novelle

| **Tyd:** 3 tot 4 weke | | | **Graad: 7** |
|---|---|---|---|
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER AKTIWITEIT en LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** **(ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lees die sprokie/fabel/sprokie/kortverhaal/ volksverhaal voor aan die leerders.<br><br>**<u>Lu 1 Luister As 1,2,4</u>**<br><br>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word.<br>• **reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;**<br>• **evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.**<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):<br>• beantwoord vrae wat toenemend moeilik word;<br>• identifiseer perspektief, soos in twee vertellinge oor dieselfde insidient; | **Nota aan onderwyser**: *(Sien jou Prov Ass Guideline bl. 20)*<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Onderwyser stel die leerders voor aan 'n volksverhaal met 'n inheemse voorbeeld. Daar moet 'n **voorafgesprek** oor die sprokie/volksverhaal in die klas gehou word.<br><br>Dit kan moontlik by die leerders herinneringe, persoonlike ervarings en gedagtes oproep en hulle sodoende aanmoedig om vrae oor die teks te begin vra en voorspellings te waag.<br><br>Wys vooruit na spanningsoomblikke of interessante gebeure/karakters in die volksverhaal. Gee gepaste agtergrondinligting oor die volksverhaal om jou leerders se kennis te verbreed.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Leerders **luister** aandagtig en volg terwyl die onderwyser hardop lees. Leerders maak 'n lys van kenmerke van 'n sprokie/ volksverhaal. | Onderwyser<br><br>voorafgesprek<br><br><br><br><br><br><br>Self/leerder | <u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke teks wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • vertel oor en som op, met ondersteuning.<br><br>As 4 **Luister aandagtig tydens 'n bespreking:**<br><br>• **reageer op idees en toon respek vir ander se standpunte;**<br><br>• **vra vir bydraes van ander en reageer daarop;**<br><br>• **druk verskille op 'n hoflike wyse uit en onderbreek nie ander nie.**<br><br>**Lu 2 Praat As 3,5**<br><br>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.<br><br>As 5 Toon 'n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:<br><br>• gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie.<br><br>**Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,7**<br><br>As 1 Lees 'n teks (fiksie of nie-fiksie);<br><br>• neem kennis van die manier waarop 'n teks gekonstrueer is om 'n bepaalde wêreldbeskouing oor te dra (perspektief);<br><br>• **neem kennis van die rol wat visuele beelde speel om betekenis te skep en te interpreteer;**<br><br>• identifiseer kerngedagtes;<br><br>• toon begrip van karakter, intrige en | Aktiwiteit 3<br><br>Die leerders moet instaat wees om die definisie van ‘n volksverhaal te kan saamstel. *(volksverhale het ontstaan as mondelinge literatuur wat van geslag tot geslag oorvertel is.)*<br><br>Jy as onderwyser kan enkele literêre tegnieke en woordeskat wat die skrywer gebruik het aan die leerders verduidelik.<br><br>Aktiwiteit 4<br><br>Laat leerders in pare oor die volksverhaal gesels. Laat hulle selfs vir mekaar die storie vertel. Leerders moet ook kyk na die prentjie *(voorblad)* en vertel wat gebeur in die prentjie.*(voorblad)* Verduidelik watter gevoel/emosie word uitgebeeld in die volksverhaal.(*voorblad)*<br><br>Wat dink jy gaan volgende gebeur?<br><br>Aktiwiteit 5<br><br>Skryf ‘n paar sinne op die bord en gesels met die klas oor wat moontlik die **doel** met die volksverhaal was.<br><br>Gewoonlik is daar ‘n morele les of boodskap. Partykeer is daar ‘n geestelike vraagstuk of probleem wat voorgestel word.<br><br>Laat die klas vir jou sê wat die **tema en/of boodskap** van die betrokke volksverhaal is.<br><br>Aktiwiteit 6<br><br>Laat die leerders ‘**n rolspel** doen en mekaar beoordeel.<br><br>Aktiwiteit 7 (**Uitstalling)**<br><br>Gaan doen **navorsing** oor die gebruike en waardes in die Afrika-kultuur wat in hierdie inheemse volksverhaal voorkom.<br><br>Hou dan ‘n inligtingsdag waartydens jul voorwerpe en inligting | Klas<br><br>Maats bv. In pare<br><br>Maats bv. In pare<br><br>klasgesprek<br><br>rolspel<br><br>portuurassesering<br><br>Uitstalling<br><br>Kundige van buite | Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik ‘n **glimpen** *(“highliter”)* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>Klaskameratmosfeer<br><br>Die leerders se **verskillende kulture** asook hul **onderskeie agtergronde** moet erken word<br><br>**Hiperaktiewe kind:** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook ‘n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste.<br><br>As 6 **Gebruik leesstrategieë:**<br><br>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: **soeklees** 'n reinrooster; stiplees instruksies; **vluglees** 'n koerantberig vir kernidees);<br><br>• verbeter en evalueer leesspoed;<br><br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek die woordbetekenis in die huistaal).<br><br>As 7 Lees vir genot:<br><br>• **lees fiktiewe** en nie-fiktiewe tekste **op die gepaste lees- en taalvlak;**<br><br>• los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels).<br><br>**<u>Lu 4 Skryf As 4,7</u>**<br><br>As 4 Skryf skeppend:<br><br>• toon ontwikkelende vermoë om stories, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur dialoog by 'n storie in te sluit).<br><br>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:<br><br>• skryf 'n samehangende teks (soos deur voornaamwoorde te gebruik);<br><br>• begin om bewustelik vanuit 'n sekere | op 'n bord gaan uitstal vir jul jaarlikse Afrikaansdag. Maak van visuele, grafiese en klankeffekte gebruik waar moontlik om jul uitstalling te laat uitstaan.<br><br>Stel 'n lys saam van die bronne wat julle gebruik het vir die navorsing. Skryf neer wat elke groeplid gedoen het.<br><br>Laat jul Kuns en Kultuur onderwyser of 'n kundige van julle dorp jul uitstalling open of beoordeel.<br><br><u>Aktiwiteit 8</u> (Leesstrategieë)<br><br>Kon julle die tradisies en die morele plig in die inheemse volksverhaal raaklees? Die leerders moet nou hul inheemse volksverhaal **vluglees** en **soeklees** om voorbeelde van tradisies en morele pligte te kry.<br><br><u>Aktiwiteit 9</u><br><br>Laat die leerders vraagstelling oefen.<br><br>Leerders werk in groepe van 8. Hulle soek iemand in die groep soos wat in die inheemse volksverhaal beskryf word. Leerders moet in hulle groep rondbeweeg om die vrae te stel.<br><br>Die onderwyser moet tyd hou – laat drie minute toe. Die een wat na drie minute die meeste antwoorde het, wen<br><br><u>Aktiwiteit 10</u><br><br>Staan in mekaar se skoene. In die inheemse volksverhaal maak die hoofkarakters mekaar se gevoelens seer.<br><br>Hierdie aktiwiteit wil die leerders leer om hulle in ander se plek te plaas, om te voel en te dink wat hy/sy gevoel en gedink het.<br><br>Laat die leerders plekke ruil en 'n situasie rolspeel. Moedig die leerders aan om hulle in die situasie in te leef. Hierdie | Soeklees en vluglees<br><br>mondeling aanbieding<br><br>Staan in mekaar se skoene<br><br>Portuurassesering | die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.<br><br>**Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| perspektief te skryf.<br><br>**<u>Lu 5 Dink en Redeneer As 2</u>**<br><br>As 2 Gebruik taal om te dink:<br><br>• stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Wat sal gebeur as …?);<br><br>**<u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 1,3</u>**<br><br>As 1 Hersien grammatika wat in die vorige grade gedek is.<br><br>As 3 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:<br><br>• alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;<br>• alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;<br>• algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);<br>• die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomende tydsvorm;<br>• alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);<br>• die ontkennende vorm (soos: Ek speel nie tennis nie; Dit is nêrens nie);<br>• die verbinding van sinne met voegwoorde | denkvaardigheid ontwikkel die karakter van leerders.<br><br>**Portuurassesering:** Laat die klas aantekeninge maak oor die leerders se vermoë om 'n rol te vertolk en empatie te toon.<br><br><u>Aktiwiteit 11</u><br><br>Gee vir die leerders 'n paragraaf uit die inheemse volksverhaal, maar sorg dat jy 'n paar woorde op 'n ander plek geskryf het. Laat die leerders in pare die paragraaf se **woordorde redigeer.**<br><br><u>Aktiwiteit 12</u><br><br>Jy en jou maat gaan al die idiome identifiseer wat in die inheemse volksverhaal voorkom. Die paar wat die meeste **idiomatiese uitdrukkings** korrek het, wen 2 fliekkaartjies.<br><br>Bring die kompetisie element terug in die klas.<br><br><u>Aktiwiteit 13</u><br><br>Doen 'n **cloze-oefening**.<br><br>Leerders moet gepaste woorde of frases in vul. Stel jou cloze oefening so op dat die storielyn van jou inheemse volksverhaal ingeskerp word.<br><br>Ruil boeke om sodat jou maat jou cloze-oefening kan merk. | Redigeer woordorde<br><br>In pare<br><br>idiomatiese uitdrukkings<br><br>kompetisie<br><br>cloze-oefening. | **<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk.<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv |

| | | | |
|---|---|---|---|
| met die korrekte woordorde; | | | beskrywings en sketse)<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word. |
| Hulpmiddels: Fotostaat van Fabel/sprokie/verhaal, Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande<br><br>Nabetragting: | | | |